

7 Januarie

Skrifgedeelte: Eksodus 20:8-11, 31:12-17

Fokusgedeelte: Eksodus 31:17

Ooreenkoms tussen God en die gelowige

Elke Sondag as jy opstaan om kerk toe te gaan, kom jy 'n ooreenkoms tussen jou en God na. Hy het hierdie ooreenkoms van jou gevra, omdat Hy self met jou 'n ooreenkoms gesluit het. Hy het sy verbond met jou gesluit by jou doop met die belofte: Om vir jou 'n God te wees en om jou as sy kind en erfgenaam aan te neem. Daarmee saam wil Hy jou in Jesus Christus van al jou sondes reinig en deur sy Gees aan jou 'n nuwe lewe gee waarin jy getroos in hierdie gebroke wêreld kan lewe.

Elke Sondag in jou lewe wat jy spesiaal afsonder vir jou erediens aan God, is 'n teken dat God jou Vader is en jy sy kind. Uit liefde vir jou Vader wil jy graag sy navolger wees en doen wat Hy vir jou voorgelewe het (Ef. 5:1). In ses dae het Hy, ons Here, die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy nie gewerk nie, wel gerus. Op die sewende dag het God oor sy skeppingswerk teruggekyk en daarvan geniet.

Sy rus beteken nie dat Hy dat Hy niks doen nie, maar dat Hy alles wat Hy geskep het, ook so onderhou dat Hy voortdurend van die skepping en van jou as die kroon van sy skepping kan geniet. Hy wil dat ook jy vir ses dae op só 'n manier besig sal wees met alles wat jy graag wil en geroep is om te doen dat Hy oor jou bly kan wees. Ook jy moet ná ses dae tot rus kom en terugkyk. Kyk op jou rusdag terug oor God se seën oor jou werk en jou lewe. Erken dat Hy die Gewer is van jou gesondheid, van jou verstand en van die krag om jou werk te kan doen.

Onthou, elke Sondag wat jy in die kerk sit om God te eer, is 'n teken van jou verhouding met God. Hy stuur jou elke Sondag weer met sy seën terug om ses dae tot sy eer besig te wees en vra jou om die volgende sewende dag weer ter wille van Hom eenkant te sit.

Sing: Psalm 128:4

Ds. DJ Bakker (Boksburg)